# OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK

# TENDERKENNISGEWING

## KOOP VAN EIENDOM TESAME MET ’n SLAGHUIS AS ’n LOPENDE SAAK IN BLOEMHOF

Tenders word ingewag vir die verkoop van die volgende:

**Verkoop van ’n Slaghuis as lopende saak met alle toerusting wat geleë is te Dorp straat 11A, Bloemhof, Noordwes Provinsie, tesame met Gedeelte 2 van Erf 702, Bloemhof, Dorpsgebied Registrasie afdeling HO, Provinsie Noordwes, Groot 328 vierkante meter.**

1. **DIE TENDER**

1.1 Die tender het spesifiek betrekking op die slaghuis wat verkoop word as ’n lopende saak en as sulks bedryf kan word tesame met die eiendom waarop die slaghuis geleë is. Vir verdere besonderhede rakende die slaghuis, sien die lys toerusting wat ingesluit is en hierby aangeheg is as “**Aanhangsel A**”; asook die foto’s hierby aangeheg as “**Aanhangsel B**”.

2. **REGSPERSONE**

Indien ‘n potensiële koper ’n regspersoon is, sal die direkteure / trustees / lede / vennote resolusies op aanvraag moet verskaf.

3. **BETALING TEN OPSIGTE VAN KOOP**

By aanvaarding van die tender sal die koper die koopprys ingevolge die koopooreenkoms betaal. .

4. **TENDERDOKUMENT**

4.1 Tenders kan gee-epos word na **regsdienste@ovk.co.za** en gemerk word “TENDER: KOOP VAN SLAGHUIS IN BLOEMHOF” vir aandag Bestuurder Regsdienste Erica Venter, en moet voor **3 Mei 2024** om **13:00** ingestuur word.

4.2 Die hoogste en / of enigste tender sal nie noodwendig aanvaar word nie, sonder opgaaf van redes.

4.3 Die aanbod wat aanvaar word sal skriftelik gekommunikeer word aan die suksesvolle koper voor **9 Mei 2024.**

5. **VOORAF BESIGTING**

Vir vooraf besigtiging skakel gerus vir Connie van Vuuren Sel: 082 373 4833

**Aanhangsel A:**

Die gebou bestaan uit ‘n voorportaal, verwerkings kamer, koelkamer, vrieskamer, kombuis en stoorkamers.

*<u>Toerusting</u>*
Vleis saag
Meule
3 x worsstoppers
2 x vakuum masjiene
Skaal
5 x vertoorn vrieskaste
2.4 x 6m koelkamer
3 x3m vrieskamer
Beroker
Verskeie werktafels
Rakke
Krag opwekker

Die gebou het in 2022 ‘n nuwe dak op gekry en is nuut geteel en oorgedoen.

## Aanhangsel B




ESTD 2021
VISAGIE
SLAGHUIS
VISAG
. SLAGHU


90% van 'n boer se probleme
los op in reënwater!


Lamb
Beef
Pork



# TENDER: KOOP VAN 'n LOPENDE SAAK WAT BEDRYF WORD AS SLAGHUIS TESAME MET DIE EIENDOM IN BLOEMHOF

Ek, die ondergetekende, ______________________________________________

(volle name en van / naam van regspersoon)

Identiteitsnommer / registrasienommer ______________________________________

Fisiese adres ______________________________________________________

Posadres _________________________________________________________

Kontaknommer _____________________________________________________

E-pos adres _______________________________________________________

**TENDER** hiermee om die volgende bedrag te betaal vir die koop van die slaghuis en die onroerende eiendom waarin die slaghuis geleë te 11A Dorp straat, Bloemhof.

Totaal van aanbod (duidelik en onherroeplik) **R________________________** (BTW ingesluit teen 'n NUL koers indien dit so dier SARS aanvaar word, andersins betaalbaar deur die koper.)
tender hiermee om die eiendom bekend as gedeelte 2 van Erf 702, Bloemhof, Dorpsgebied Registrasie afdeling HO, Provinsie Noordwes, Groot 328 vierkante meter, te koop op die terme en voorwaardes vervat in die Koopkontrak wat deur die Verkoper se prokureur opgestel sal word nadat die tender aanvaar word.

## TERME EN VOORWAARDES:

### 1. Prys en betaling

1.1 Sou die bogenoemde tender aanvaar word, sal die Verkoper se prokureur 'n koopkontrak vir die eiendom en die besigheid opstel.

### 2. Risiko

2.1 Die koper erken dat hy die slaghuis en perseel geïnspekteer het dat hy tevrede is met die toestand van die toerusting en bewus is daarvan dat die koop voetstoots is.

2.2 Die risiko in die slaghuis gaan op die koper oor soos ooreengekom tussen die koper en die Verkoper.

### 3. Algemeen

3.1 Die eienaar behou die reg voor om enige aanbod te aanvaar of te verwerp sonder dat enige redes vir so 'n besluit verskaf hoef te word;

3.2 Die eienaar behou die reg voor om ter enige tyd die tender terug te trek, om die tender te kanselleer of uit te stel sonder dat enige redes verskaf hoef te word;

3.3 Die koper sal nie geregtig wees om bevoordeel te word op grond van enige bona fide fout of weglating in die terme en voorwaardes of die foutiewe beskrywing van die tender nie;

3.4 Die koper moet die nodige FICA-dokumentasie (dokumentasie soos in terme van die *Financial Intelligence Centre Act* 38/2001 vereis) saam met die voltooide tender indien. Versuim om volledige FICA-dokumentasie in te dien sal tot gevolg hê dat die tender nie oorweeg sal word nie.

3.5 Voltooide tenders kan gee-pos word aan regsdienste@ovk.co.za of ingedien word by die tenderboks te OVK Hoofkantoor geleë te 19 Dan Pienaar Rylaan, Ladybrand en moet duidelik gemerk wees "TENDER: KOOP VAN SLAGHUIS IN BLOEMHOF ".

Onderteken te ____________________ op hierdie _____ dag van _____________________ 20_____

________________________

Namens Koper

Onderteken te ____________________ op hierdie _____ dag van _____________________ 20_____

________________________
Namens OVK
(slegs indien tender aanvaar word)